# JOHN JOHNSTON KIRKNESS

**deur N.A. Coetzee**

Hy is gebore op 1 April 1857 op die Orkney-Eilande, Noord-Skotland, en oorlede op 82 jarige ouderdom op 13 Junie 1939 in Pretoria. In sy studentejare het J.J. Kirkness hom in die boubedryf bekwaam, die Diploma in Boukonstruksie aan die Heriot Watt Kollege in Edinburgh verwerf, en sy vakleerlingskap in die skrynwerkersbedryf voltooi om as vakman by 'n firma in Glasgow te werk. Hy het in 1879 op 22-jarige ouderdom na Suid-Afrika verhuis, by Port Elizabeth geland en vervolgens in Durban, Bethlehem en op die Barbertonse Goudvelde gewerk. Hy gaan sy vrou Mary Ann Baikie op die Orkney-Eilande haal waar hulle te Kirkwall op 16 Junie 1884 in die huwelik tree. Terug in Suid-Afrika vestig hy hom in 1887 in Pretoria.

Tydens die afsterwe van sy vrou op 20 April 1936 en met sy eie afsterwe woon die gesin, - die twee seuns en een dogter is reeds uit die huis - in die herehuis op Pomonastraat 255, Muckleneuk, 'n huis wat Kirkness self gebou het om sy stene wat hy in sy eie steenfabriek in Groenkloof gemaak het, uit te toets. Die huis is tans in besit van die Universiteit van Suid-Afrika, 'n historiese spogwoning wat verdien om as historiese gedenkwaardigheid verklaar te word.

In die steenoonde met die geweldige uitgrawing wat oor baie jare die bekende 'Kirkness' gemerkte sierstene, dakteëls, vloerteëls en potte vervaardig het, was op 'n tyd een miljoen stene en 'n half miljoen ander artikels deurlopend in wording. Dit is oral oor die land en in aangrensende lande en oorsee gebruik. Die Groote Schuur Hospitaal in Kaapstad en die Salisbury Poskantoor in Harare is met Kirkness-stene gebou. Kirkness vloerstene en potte is deur Sir Herbert Baker in die Suid-Afrika Huis te Londen gebruik. Die terrein van die steenfabriek word tans in sportvelde vir die Pretoriase Onderwyskollege ontwikkel. Ons hoop dat daar by die ingang van hierdie sportvelde behoorlik erkenning gegee sal word aan die nagedagtenis van hierdie boupionier in Suid-Afrika en dat dit die John Johnston Kirkness Sportvelde genoem sal word.

Die hoofkantoor van J.J. Kirkness was geleë op Kerkplein langs die Ou Nasionale Bank en Ou Staatsmunt. Die fasades van hierdie geboue word deur die Departement Poswese bewaar en gerestoureer en die hoop bestaan dat daar ook 'n gedenkplaat vir J.J. Kirkness aangebring sal word.

Die volgende is 'n opsomming van die geboue wat deur Kirkness as boumeester opgerig is en wat reeds as Nasionale Gedenkwaardighede verklaar is.

1. Die voltooiing van die vierde en laaste Raadsaal in Bloemfontein. 1893. Tender R25 000.
2. Die Ou Raadsaal, Pretoria. Tender R165 000, 1889. Die deure en vensters is op die Orkney-Eilande gemaak deur Samuel Baikie & Co. Sytse Wierda ontwerp die derde verdieping en Kirkness voltooi die gebou in 1891. Die Raadsaal se meubels is van 'walnut' in Engeland gemaak. Op 24 Junie 1983 is twee kamers in die Raadsaal omskep in 'n Kruger-Tydperk Z.A.R.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Museum. Erkenning behoort in hierdie Museum gegee te word aan die nagedagtenis van J.J. Kirkness.

3. Die Ou Letteregebou en die Ou Wetenskapgebou van die Universiteit van Pretoria is in 1911 deur Kirkness voltooi en toe kon die U.P.-fakulteite van destyds verhuis uit die Ou Staatsgimnasium in Bosmanstraat na die kampus.
4. Die Wierdabrug oor die Hennopsrivier. Kirkness se tender in 1891 is aangeneem vir R15 182,20. Die brug is vernoem na Sytse Wierda, Hoof van die Publieke Werke Departement van die Z.A.R.
5. Leeubrug oor die Apiesrivier. Ontwerp deur Sytse Wierda, Kirkness tender vir die bouwerk teen £13 131. Die brug is geopen deur President Kruger op 11 Junie 1894. Die vier brons leeus is deur MacFarlane Sun Foundry in Glasgow, Skotland, gegiet.
6. Die Paul Kruger Hospitaal, Rustenburg.
7. Die Ou Hoofgebou van die Administratiewe blok van die Veeartsenykundige Navorsingsinstituut, Onderstepoort. Ingewy in Oktober 1908.
8. Die Staatsartillerie- en Stalle Kompleks Huise 1-15. Tender van Kirkness deur die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. aanvaar op 2 Mei 1897.

Vervolgens 'n lys van ander geboue deur J.J. Kirkness gebou, sommige reeds weer gesloop. 'n Oproep om dié wat nog staan as Nasionale Gedenkwaardighede te red, word gedoen.

1. Die Nasionale Bank en Ou Staatsmunt op die noord-westelike hoek van Kerkplein.
2. Inverclyde House op die hoek van Andries- en Skinnerstrate. Reeds gesloop.
3. Die Ou Munt en aangrensende geboue in Visagiestraat, Pretoria. Gedeeltelik gesloop en verbou.
4. Die eerste gebou van die Landbank, Paul Krugerstraat.
5. School House, Pretoria High School for Boys.
6. Die Normaalkollege Hoofgebou, Rissikstraat, Pretoria. Dis nog 'n tweede rede waarom J.J. Kirkness se naam aan die Onderwyskollege se Sportvelde in Groenkloof verbind moet word.
7. Die Sammy-Marks-Gebou in Kerkstraat, oorkant die Staatsteater en Strydomplein. Die gebou is in 1903 deur argitek W.J. de Zwaan ontwerp. J.J. Kirkness was goed bevriend met Sammy Marks. Ons hoop dat die stryd om hierdie pragtige gebou as Nasionale Gedenkwaardigheid te behou en effektief te gebruik, gewen sal word; die Kynochgebou daar langs word beskou as een van die oudste bouwerke in Pretoria.
8. Gedeelte van die Sielsieke Hospitaal, Pretoria-Wes.
9. Die Union Hotel, Kerkstraat-Oos, Pretoria.
10. White House, Muckleneuk, Pretoria. Sir Herbert Baker was die argitek.
11. Die kerk in Barberton, gebou deur Kirkness vir die Boeregemeenskap.
12. Die Vicarage en Parsonage in Bethlehem, O.V.S. Ook het J.J. Kirkness die brug oor die Liebenbergsvlei aldaar gebou.
13. Die kerk vir die Boeregemeenskap op Heilbron.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*JOHN JOHNSTON KIRKNESS, 1857-1939*
Foto: Mnr. J.N. Kirkness



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Sir Herbert Baker het Kirkness-stene, potte en teëls gebruik om die Uniegebou in Pretoria te bou, en talle woonhuise in Pretoria is deur Kirkness gebou en vertoon die pragtige sierstene uit sy steenoonde in Groenkloof.

J.J. Kirkness het ook sy reuse-aandeel bygedra in die uitbreiding van die ekonomiese, kulturele en godsdienstige lewe van Pretoria in sy tyd. Die volgende is 'n opsomming.

1. Die Federated Employers Mutual Assurance Company is deur Kirkness en andere opgerig. Die eerste polis is op 22 April 1937 aan hom as erkenning uitgereik.
2. Hy het sy gewig ingegooi vir die bewaring van Kerkplein. Saam met die destydse burgemeester Johannes van Boeschoten het hy in 1911 gesorg dat die trems nie oor Kerkplein loop nie, maar om die Plein.
3. J.J. Kirkness was die vierde burgemeester van Pretoria.
4. Hy het sy volle gewig ingegooi met die Governor-Generals Fund in die Eerste Wêreldoorlog en die Britse Troon het die O.B.E. aan hom as erkenning toegeken.
5. Kirkness was baie jare voorsitter van die Prisoniers-Hulp, Pretoria-Tak.
6. Saam met Chas Maggs het hy die Amschewits muurskilderye aan die Stadsraad van Pretoria geskenk. Dit is te sien in die voorportaal van die Stadsaal.
7. Hy was President van die Nasionale Meesterbouers Federasie.
8. Hy het die stene geskenk vir die bou van die St. Andrews Presbyterian Church in Schoemanstraat. Een van die Elders' Pews is na hom vernoem as erkenning, ook is die restourasie van die gekleurde glasvensters in 1981 voltooi in nagedagtenis van J.J. Kirkness en sy vrou Mary Ann. Die verklaring van hierdie kerk as Nasionale Gedenkwaardigheid is 'n vereiste en die beste wat gedoen kan word is om die gebou vir die nageslag te bewaar. Dit kan moontlik in 'n Museum verander word as dit ondoelmatig of te klein geword het vir gebruik as kerk.
9. Een van die Leeukampe in die Pretoriase Dieretuin is na Kirkness vernoem as erkenning van sy geldelike steun om dit op te rig.
10. Hy het die meubels in een van die kamers van die Royal Colonial Building in Londen geskenk en ruim bygedra om London House op te rig waar die sosiale klub van Statebond-studente wat in Engeland studeer, gehuisves is.
11. Een van die perke van die Caledoniese Rolbalbane is na hom vernoem. Hy was 'n aktiewe rolbalspeler alhier.
12. Hy was stigterslid van die Pretoriase Caledonian Society.
13. Hy was 'n aktiewe lid van die Pretoria Club.
14. In sy testament het hy ruim voorsiening gemaak vir die St. Andrews Presbyterian Church, die Presbyterian Orphanage, Pretoria Benevolent Society, The Princess Christian Home en die Pretoriase Algemene Hospitaal.

In die *Pretoria News* van 1 Mei 1981 word gemeld dat 'n gedeelte van Zandfontein in Booysens opgedeel sal word in 30 industriële erwe met 'n park. Dit sal genoem word 'Kirkney' ter ere aan J.J. Kirkness. Die hoop bestaan dat eervolle erkenning aan J.J. Kirkness gegee sal word deur 'n monument



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*MARY ANN KIRKNESS, gebore BAIKIE, 1859-1936*
Foto: Mnr. J.N. Kirkness



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

in dié park op te rig en 'n bronsplaat aan te bring.

Die *Pretoria News* van 15 Junie 1939 het 'n verslag van die verrigtinge by die begrafnis van J.J. Kirkness gepubliseer. Dit behels een hele volblad, met 'n opsomming in kleindruk van al die boodskappe van meegevoel van persone en instansies in Suid-Afrika en oorsee en wie kranse gegee het. By een of ander herdenkingsgeleentheid sal dit goed wees as die *Pretoria News* hierdie bladsy reproduseer.

John Johnston Kirkness en sy vrou Mary Ann Baikie lê begrawe in die 'Presbyterian Acre' in die Rebeccastraatbegraafplaas Pretoria-Wes.

## BIBLIOGRAFIE


1. Sterftekennis Boedel 2076/39 Transvaalse Argief. John Johnston Kirkness.
2. Copy Proofs of business letters. Biblioteek van J.N. Kirkness, Victoriaweg 330, Waterkloof, Pretoria. Business Diary 1882-86, Contract Book 1886-88, Scripts Books, note books, formulae, measurement data.
3. *Pretoria News,* Donderdag 15 Junie 1939. Verslag van begrafnis van John Johnston Kirkness.
4. 'Bricks and Brickfield'. *The Star,* 30 Mei 1923. Article on Bricks, Tiles and Pottery. The Groenkloof Factory. Artikel geskryf om die Pretoriase Tentoonstelling van 30 Mei 1923 te adverteer, met fotos.
5. *Pretoria News,* 9 Julie 1980. Kirkness Brickfields, opgevul vir Sportvelde, Onderwyskollege, Pretoria.
6. J.J. Oberholster. *Die Historiese Monumente in Suid-Afrika,* bls. 207, 302, 305, 307. Uitgegee deur Rembrandt van Ryn Stigting vir Kultuur en die Nasionale Monumente Komitee. ISBN 0-620-00192-5.
7. *Pretoria News,* 6.8.1950. Lion Bridge to be a National Monument.
8. Brief van Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede 1983.11.23 aan J.N. Kirkness, verwysingsnommer 3/1/3/Pre/13.
9. Onderstepoort Hoofgebou Veeartsenykundige Navorsingsinstituut. Brief aan J.N. Kirkness 3/1/3/Won/7 van 1983.10.07 van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede. Transvaalse Argief. Depot Volume PWS 1761 lêer nommer 18/5410.
10. *Pretoria News,* 21.7.1981 en 27.7.1981. Verwys na die 50 sent seël en 6 sent seël van die S.A. Vierde Definitiewe Serie uitgegee 10.6.1982, met afbeelding van Raadsaal en Parlementsgebou, Bloemfontein. Die Raadsaal te Pretoria is op die 4 sent seël afgebeeld.
11. *Pretoria News,* 6.10.1983, 75-jarige viering van Onderstepoort Navorsingsinstituut.
12. *Die Beeld,* 7.3.1980. Leeubrug se Leeus. Verwys na die 'Volkstem' van 13.6.1894. Gebou deur Kirkness vir R26 000 in 1894. *Pretoria News,* 16.7.1981 ook oor die Leeubrug.
13. *The Star,* 2.1.1952 en *Pretoria News* van 30.12.1981 i.v.m. Leeubrug.
14. *Pretoria News,* 10.2.1981. 'Treasure House Ignored' i/s Ou Raadsaal, Pretoria. Walnut meubels in Engeland gemaak.
15. Brief Raad van Nasionale Gedenkwaardighede 4/t/Pta/6 Bus 4637, Kaapstad, 10/T/Pta/3 van 6.8.1980 i/s aankoms van J.J. Kirkness in Pretoria, 1887.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

16. Arthur Barlow, *Almost in Confidence.* Verwys na Kirkness i.v.m. die bou van die vierde Raadsaal, Bloemfontein.
17. *Pretoria News,* 20.4.1981 i.v.m. oorlyde van P.G. Kirkness, seun en vennoot van J.J. Kirkness. Hy is gebore te Bethlehem 19.3.1886 en oorlede op 95-jarige ouderdom.
18. *The Star,* 17.5.1980 insake Sammy Marks- en Kynochgeboue. Ook in *Pretoria News* van 2.7.1980.
19. *Pretoria News,* 10.1.1981 en 5.6.1981. Bewaring van die Sammy Marks Gebou, gebou deur Kirkness in die neo-Dutch Renaissance Style.
20. Kerkplein Tremlyne Stryd 1910. *Pretoria News,* 9.11.1979.
21. Roy MacNab, *South Africa House, London.*
22. *Pretoria News,* 1.5.1981. Gedeelte van Zandfontein in Booysens, opgedeel in 30 Industriële erwe en 'n park. Dit word genoem Kirkney dorpsgebied (Kirkney Township).

Sien ook Indeks van die volgende boeke vir verwysing na J.J. Kirkness.

23. Chas Christie, *Memoir of Charles Murray.*
24. Vivian Allen, *Kruger's Pretoria.*
25. Lola Dunstan, *Young Pretoria.*
26. Fitzpatrick, *Dummy and Guest.*
27. Dorein Greig, *Herbert Baker in South Africa.*
28. Picton Seymour, *Victoria Buildings in South Africa.*
29. Dorein Greig, *A Guide to Architecture.*
30. *A Banking Centenary, Barclays Bank, D.C.O. 1836-1936.*
31. Hall & Power, *Pretoria 1910.*
32. Partridge, *Thus the Bowl should run.*
33. Eric Rosenthal, *A Short Biography.*
34. Pretoria Club, *Old Ivory and Roses.*
35. *Pretoriana.* Tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria. Jaargang 1 no. 1, bl. 4; Jaargang 1 no. 2, bl. 11; Jaargang 3 no. 2, bl. 2; Jaargang 1962, no. 38 April, bl. 28; Jaargang 1977 no. 76, Indeks: Jaargange.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# 'n BEWARINGSPLAN VIR PRETORIA

**deur Dr. B. Cronjé**

## INLEIDING

As Pretorianer en lid van die Genootskap Oud-Pretoria lê die geskiedenis en geskiedkundige geboue en plekke van Pretoria my na aan die hart - net soos ook vir baie ander Pretorianers. Enersyds besef 'n mens dat daar so baie geskiedkundige elemente in Pretoria is wat bewaar moet word. Andersyds egter weet 'n mens van so baie van dié dinge wat al reeds verlore gegaan het, en - helaas - jy weet ook dat nog veel meer onherroeplik uitgewis gaan word.

Ek het al in verskillende wêreldstede met blye oë gekyk hoe hierdie stede hul historiese verlede as 'n kosbaarheid koester; hoe hierdie dinge juis dié plekke in die stad is wat vir die toeris aantreklikhede uitmaak en hoe die stadsvaders bewaring en toerisme mekaar wederkerig laat dien. Die historiese geboue en plekke word derhalwe met die grootste sorg beskerm en bewaar en terselfdertyd word dit vir die besoeker maklik gemaak om by hierdie juwele uit die verlede uit te kom.

Daarom het ek hierdie artikel geskryf wat hopelik 'n bydrae kan lewer tot die verwesenliking van bogenoemde oogmerke. Sommige van die gedagtes in hierdie artikel word al vir baie jare lank deur individue en organisasies, soos byvoorbeeld die Genootskap Oud-Pretoria, gepropageer. Ander is nuut.

Van belang is egter dat verskeie gedagtes met betrekking tot bewaring en die bevordering van toerisme gekonsolideer word. Hierdie stuk maak nie aanspraak op volledigheid nie. Baie voorstelle kan in veel meer besonderhede uitgewerk word. Dit sou egter heelwat tyd en navorsing verg - wat later kan geskied.

Intussen kan hierdie stuk, met verwysings, as 'n konsepplan of bloudruk gebruik word om 'n omvattende struktuurplan vir bewaring in Pretoria - gekoppel aan toerisme - in werking te stel. Om 'n begin te maak is egter nou die vernaamste doelwit.

Die voorstelle word behandel in terme van: 'n administratiewe struktuur; 'n bewaringsplan; 'n bewaringsregister; en 'n besoekersplan.

## ADMINISTRATIEWE STRUKTUUR

### Bewaringsraad

Die eerste en belangrikste stap om die bewaring en benutting van historiese geboue en plekke in Pretoria moontlik te maak, is om 'n permanente administratiewe struktuur te skep wat die planmatige verwesenliking van hierdie bewaringsoogmerke sal kan bewerkstellig.

In die eerste plek moet 'n *beplanningstruktuur* geskep en in die tweede plek moet *maatreëls* getref word vir die gekoördineerde uitvoering van die beplanning.

'n Raad bestaande uit kundige persone moet in die lewe geroep word om die nodige beplanning ten opsigte van die bewaring en benutting van historiese geboue en plekke te kan doen. Die Raad kan bestaan uit verteenwoor-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



HUIS IN STRUBENSTRAAT

*Hierdie pragtige Victoriaanse huis wat in 1888 gebou is,*
*was op die slopingslys totdat goedkeuring verkry is dat dit gebruik*
*kan word om die Jansenversameling in te huisves.*

Foto: NASKO, Pretoria

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

digers van die Stadsraad en ander belanghebbende persone wat op grond van hul bepaalde kennis en belangstelling 'n konstruktiewe bydrae kan lewer in verband met die bewaring van historiese geboue en plekke. Hierdie Raad moet deur die Stadsraad aangestel word en moet 'n bepaalde opdrag van die Stadsraad ontvang. Die opdrag kan byvoorbeeld die volgende wees: Om die beplanning ten opsigte van die bewaring en benutting van historiese geboue en plekke in Pretoria te doen; om riglyne neer te lê vir die opstel en instandhouding van 'n register van bewarenswaardige geboue en plekke in Pretoria; om die benutting van sodanige geboue en plekke vir toerismedoeleindes moontlik te maak.

Die Bewaringsraad kan byvoorbeeld soos volg saamgestel word:

- Stadsraadamptenare (2)
  - Stadsekretaris (Voorsitter)
  - Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur
- Bewaringskundiges (2)
- Genootskap Oud-Pretoria (1)
- Argitek (1)
- Toerisme-organisasies (1)
- Kamer van Koophandel (1)
- Afrikaanse Sakekamer (1)
- Middestadontwikkelingskomitee (1)

**Bewaringskomitee**

Ten einde die uitvoering van sekere administratiewe aangeleenthede te vergemaklik, kan 'n Bewaringskomitee, wat 'n subkomitee van die Bewaringsraad vorm, in die lewe geroep word. Hierdie Komitee kan byvoorbeeld bestaan uit die twee Stadsraadsamptenare wat in die Bewaringsraad dien plus 'n aantal - verkieslik nie te veel nie - ander Stadsraadsamptenare wat regstreekse belang by die bewaringsfunksie het.

Hierdie Komitee gee uitvoering aan opdragte van die Bewaringsraad, doen inligtingsinsameling en -verwerking, skakel met belanghebbende persone en instansies, doen verslag aan die Bewaringsraad ten opsigte van sekere aangeleenthede, doen voorstelle aan die Bewaringsraad en stel die sakelys vir die Bewaringsraad se vergaderings op.

Uit die aard van die saak kan hierdie Komitee ook 'n belangrike rol speel in die opstel en instandhouding van die bewaringsregister en die uitoefening van slopingsbeheer. In verband met die uitoefening van slopingsbeheer kan ander lede van die Bewaringsraad ook gekoöpteer word.

### BEWARINGSPLAN

## GEBOUE

### Openbare en sakegeboue

In die eerste plek is dit belangrik dat alle openbare geboue wat van historiese



Digitised by the University of Pretoria, Library Services